

# Dag 1

# Die Reusagtige Raap

Daar was eens 'n boer wat daarvan gehou het om rape te plant.

Een raap het groter geword as al die ander.

Dit het aanhou groei, groei en groei!

Die raap was so groot dat die boer dit nie kon uittrek nie. Hy het sy vrou gaan haal.

Die boer en sy vrou het die raap probeer uittrek.
Dit het nie uitgekom nie.

Die vrou het die dogter gaan haal.

Hulle trek, en hulle trek. Die raap het nie uitgekom nie.

Die dogter het die hond gaan haal.

Hulle trek, en hulle trek. Die raap het nie uitgekom nie.

Die hond het die kat gaan haal.

Hulle trek, en hulle trek. Die raap het nie uitgekom nie.

Die kat het die muis gaan haal.

Hulle trek, en hulle trek. En uiteindelik...

... die raap het uitgekom!



(c) www.myklaskamer.co.za

# Lees die storie oor veiligheid.

Ons moet altyd veilig speel. Dit kan byvoorbeeld baie gevaarlik wees om in hoë bome te klim. As jy uit die boom val kan jou jou arm of been breek.

Jy moet ook nooit alleen na 'n speelpark toe gaan nie. Vra altyd eers vir Mamma of jy mag gaan. As 'n grootmens saam met jou kan gaan sal dit die beste wees.

Kinders moet die reëls in die speelpark gehoorsaam. 'n Mens gee nooit vir ander kinders stampe en stote nie. Jy hardloop ook nie naby die skoppelmaaie verby nie. Daar is baie goed in die speelpark waarop 'n mens kan speel.

Dit is ook baie belangrik om veilig te wees by 'n swembad. Kinders mag nie swem wanneer daar nie 'n grootmens by hulle is nie. Jy mag ook nie om 'n swembad hardloop of jou maats instamp nie.

Dan is daar plekke waar kinders nooit mag speel nie. Dit is by vullisgate en rommelhope. Jy moet ook wegbly van treinspore. Dit is baie gevaarlik! Bly ook altyd weg van damme wat in die dorp mag wees.

In die dorp mag kinders nie in strate speel nie.

'n Mens mag ook nooit op verlate plekke speel nie.


(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

Teken 'n prent van waar jy veilig saam met jou maats speel.


Eie interpretasie



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

# Meervoude met -s.

'n Meervoud is wanneer ons wil aandui
daar is meer as een van iets is, bv. appel = appels



Ek hou van appels.



Reël: Meervoude met -s
Woorde wat eindig op 'n -l, -m, -n, -r
kry 'n -s by om die meervoudvorm aan te dui.

## Verander die woorde na die meervoud.

| | | | |
|---|---|---|---|
| winkel | winkels | storm | storms |
| tafel | tafels | album | albums |
| wapen | wapens | jagter | jagters |
| laken | lakens | syfer | syfers |

## Verander die woord in hakies na die meervoud.

1. Die (jagter) gebruik hulle (wapen).

Die jagters gebruik hulle wapens.

2. Daar is baie (storm) in Suid-Afrika.

Daar is baie storms in Suid-Afrika.



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

# Meervoude met -e.

'n Meervoud is wanneer ons wil aandui
daar is meer as een van iets is, bv. lemoen = lemoene




Ek hou van lemoene.



Reël: Meervoude met -e




→ Woorde met diftonge voor die slot konsonant
bv. tier, trein, reus, boek.



→ Woorde wat eindig met 'n dubbel konsonant
bv. vark, kerk, berg, dorp.



→ Woorde wat eindig op 'n drieklank
bv. koei, meeu, spreeu, kraai.



## Verander die woorde na die meervoud.

| Diftong voor die slotklank | | Eindig met dubbel konsonant | | Eindig op 'n drieklank | |
|---|---|---|---|---|---|
| tier | tiere | vark | varke | koei | koeie |
| trein | treine | berg | berge | kraai | kraaie |
| reus | reuse | dorp | dorpe | spreeu | spreeus |
| boek | boeke | kerk | kerke | meeu | meeue |

Daar is soms uitsonderings op die algemene reël, bv. leeu = leeus.


(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

# Meervoude met -s en -e.

## Verander die woord in hakies na sy meervoud.

1. Pappa soek sy (sleutel) elke oggend.

Pappa soek sy sleutels elke oggend.

2. Ek borsel my (tand) elke oggend en aand.

Ek borsel my tande elke oggend en aand.

3. Al die (motor) veroorsaak lugbesoedeling.


Al die motors veroorsaak lugbesoedeling.

4. Die (dogter) het Saterdag 'n netbalwedstryd.

Die dogters het Saterdag 'n netbalwedstryd.

5. Reënwater maak die (rivier) vol water.

Reënwater maak die riviere vol water.




(c) www.myklaskamer.co.za (2020)


# Woordsoorte: Werkwoorde

## Werkwoorde



'n Werkwoord is iets wat jy kan doen.
Daarom sal ons ook praat van doen woorde.

1. Jy kan die woord hy, sy, ons, hulle voor 'n werkwoord gebruik, bv. Hy sing; Sy lag, Hulle speel; Ons lees.
2. Het die woord 'n verlede vorm, bv. gelag, gesing, ens.





(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

# Werkwoorde & Bywoorde




'n Werkwoord dui 'n aksie aan.
Ons praat ook soms van die doen-woord.
'n Bywoord beskryf die werkwoord, bv.
Karel hardloop vinnig.
hardloop - werkwoord; vinnig - bywoord

Dui die werkwoord en die bywoord in elke sin aan.

1. Jana sing pragtig in die kerk.
   - Werkwoord = sing
   - Bywoord = pragtig

2. Ek eet 'n sappige appel.
   - Werkwoord = eet
   - Bywoord = /

3. Die rooi motor jaag roekeloos in die straat af.
   - Werkwoord = jaag
   - Bywoord = roekeloos




(c) www.myklaskamer.co.za (2020)